

WAT GAAN WORD VAN GESKREWE STANDAARDAFRIKAANS?

Prof. Van Huyssteen is voorsitter van die SA Akademie se Taalkommissie.

Vrywaring: Die standpunte in hierdie gedeelte is my eie en verteenwoordig nie dié van die Taalkommissie nie. Dit is boonop standpunte wat nie uit graniet gekap is nie, maar eerder breedlynige bepeinsinge oor wat was, is en miskien sal wees.

EERS 'N PAAR VOORONDERSTELLINGS

...

1. Alle tale verander altyd. Van Elfdals tot Esperanto, van Abchasië tot Zoeloe: alle tale (maar dan *alle* tale) verander altyd (maar dan *altyd*).
2. Die verhouding tussen taal, kultuur (insluitend identiteit) en denke is verstrengeld, maar ons kan aanneem dat dit redelik in ewilibrum is. Sonder om die kompleksiteit van die saak te misken, of te negeer dat 'n mens bid en lag in jou taal, en kan rock en skok in jou taal, reken ek ook stellig dat taal maar slegs een van die draers van identiteit is. Om te wil beweer “ek is, omdat ek Afrikaans is”, of “as Afrikaans nie meer bestaan nie, bestaan ek nie meer nie” is om irrasioneel die aard van beide identiteit én taal te verskraal. Ek glo die mens se identiteit is meer as net taal, en taal doen veel meer as om net identiteitskeppend te wees.

NOU DIE VRAE ...

Wat gaan word van geskrewe Standaardafrikaans? Internasionaler gesien, wat gaan word van geskrewe standaardtaal? As ons vooronderstel dat taal altyd verander, kan ons ook dan voorspel dat geskrewe Standaardafrikaans gaan verander, of dalk selfs so verander dat dit heeltemal verdwyn? Is dit Engels se skuld? Is dit omdat taalkundiges, taalpraktisyne en taalkenners nie streng genoeg optree teen of hard genoeg skree oor anglismes en ander verloedering nie?

As taal, kultuur en denke verweef is, wat gebeur as die kultuur (of die milieu) só verander dat daar geen funksie meer vir 'n geskrewe standaardvariëteit is nie? Verdwyn jou identiteit dan ook? Of moet 'n mens juis ten alle koste sorg dat die geskrewe standaardvariëteit behoue bly, sodat jou identiteit nie dalk skadelik is nie? As geskrewe Standaardafrikaans sou verdwyn, is dit die einde van die Afrikaanse gemeenskap?

Honderdduizend vragen waar het antwoord nooit op komt

Maar het vragen dat is eigenlijk al genoeg

– Youp van 't Hek in “Ergens in de Verte” (1992)

LAAT ONS DIT EERS HÊ OOR STANDAARDAFRIKAANS ...

Om depressief te raak oor die verloedering van Afrikaans is al so oud soos Afrikaans self. Daar is menige aanhaling uit die begin, middel en einde van die vorige eeu van taalmense wat die gehaaste dood van (Standaard)afrikaans sien kom het, aangesien



Gerhard van Huyssteen

veral die jeug die taal so verformfaai. Dis trouens niks unieks aan Afrikaans nie; dieselfde eeueoue aanhalings kry jy in Engels en Nederlands, en ek vermoed dus ook in Spaans, Frans en ander tale.

Hier aan die begin van die een-en-twintigste eeu gaan daar ook nog soms stemme op dat die taalindoenas (dikwels met 'n fingerwysing in die rigting van die Taalkommissie) nie uitgesproke genoeg is oor veral anglismes nie en dat dit lei tot die prysgawe van “ons” identiteit (wie “ons” dan ook sou mog wees). Diesulkes voel ook dikwels dat daar 'n groter groep behoudendes is wie se stem nie gehoor word nie, omdat die vrysinniges altyd so hardloeiend is.

Daar is inderdaad twee skole hieroor, waarvan verreweg die grootse en magtigste die anti-anglismeskool is. Vir baie en baie jare is die Afrikaanse (normatiewe) taalkunde oordonder deur 'n dwingelandyse anglismejag. Dit is maar die afgelope tien jaar of so wat 'n

mens meer stemme hoor opgaan om te sê dat ons anders daaroor kan dink. Maar dis eintlik nog maar puberstemme – meer jeugkoor, minder massakoer.

Selwers het ek nog tot so onlangs as vyf jaar gelede anglisismejagterstatus nagejaag, al was my taal ook maar deurspek van die anglismes en is ek telkens deur die ouer garde oor die kole gehaal. Maar tallose gesprekke, baie leeswerk en nuwe navorsing bring gelukkig altyd nuwe insigte.

Een van die belangrikste insigte waartoe ek gekom het, is dat menige anglisismejagter by al wat 'n konstruksie op 'n stadium hande in die lug moet gooi en sê: "Ja, ek dink ons het die stryd verloor – hierdie woord/konstruksie/segswyse kan nou maar as deel van die Afrikaanse idioom beskou word." Eertyds was dit byvoorbeeld taboe om "ek **is** klaar met die werk" te sê; jy moes "ek **het** klaar met die werk" sê, aldus Van der Merwe in *Die korrekte woord* van 1967. In *Afrikaans op sy beste* (1995) sê Prinsloo en Odendal egter dat ons die stryd gewonne moet gee: "Ek **is** klaar" is nou gewone en goeie Afrikaans.

'n Ander ene is dat die grense in anglisismejag maar bra broos blyk te wees. Twee voorbeelde uit eintse *Afrikaans op sy beste*:

1. Die spreekwoord *bloed is dikker as water* word as onaanvaarbaar gemerk; gebruik eerder *waar bloed nie kan loop nie, daar kruip dit*. Daarteenoor is *elke hond kry sy dag* wel 'n aanvaarbare ontlening uit Engels, ten spyte daarvan dat daar 'n nie-Engelse teenhanger in *boontjie kry sy loontjie* is. Niemand kon nog verduidelik waarom die *hond*-spreekwoord aanvaarbaar is, maar die *bloed*-ene nie.
2. Om te sê 'n rivier is *in vloed*, word dekades reeds afgekeur as 'n anglisme; sê eerder dat die rivier *kant en wal lê*. Maar ai, sê die outeurs van die boek, dit word so baie gebruik, dat ons dit nou maar gewoon as aanvaarbare Standaardafrikaans kan erken.

Hiermee word maar net weer die eerste vooronderstelling bevestig: Alle tale verander altyd. Ook Prinsloo en Odendal stem in Afrikaans op sy beste saam: "... die natuurlike verandering in 'n taal [kan] nie gestuit ... word nie." Dit geld des te meer tale wat in noue kontak met mekaar is, soos Afrikaans en Engels. Kyk maar net hoe het Afrikaans ook Suid-Afrikaanse Engels beïnvloed! En lê enige Engelsman daar snags identiteitsloos van wakker? Nee wat, ek dink nie so nie.

Wat dan gemaak met sulke goed soos *is klaar* en *in vloed*? Sulke konstruksies is duidelik konstruksies wat onder invloed van Engels staan. Maar op sig is dit nie veel anders nie as:

- die *-hullel-goed*-konstruksies, wat na alle waarskynlikheid onder invloed van Kaapse Khoi ontwikkel het;

- die konvensie om na God in hoofletters as *Hy* en *Hom* te verwys, wat onder Nederlandse invloed staan (en nie meer vandag in Nederlands gebruiklik is nie);
- die vreemde gebruike van *vir* in Afrikaans, wat dalk Duitse wortels het;
- reduplikasies soos *dokter-dokter* en *nou-nou*, wat moontlik te danke is aan ons Maleise voorouers; of
- Afrikaanse mense se andersoortige nasalering, wat dalk versterk kon word deur die Franse invloed op ons bloedlyn.

Die een is nie belangriker en die ander verfoeiliker as die res nie: Alles is bewyse van tale in kontak, van tale wat verander, van die realiteit en geskiedenis van verskillende tale se sprekers wat met mekaar in kontak was en is. Gegewe die geladenheid van terme soos anglisme, germanisme en gallisme, moedig ek die gebruik van ongelade terme soos Engelsheid, Duitsheid en Fransheid aan – ten minste vir 'n tussenperiode tot ons eersgenoemdes weer kan toe-eien as neutrale, waardeoordeellose wetenskaplike terme.

Dat ons 'n toename van Engelshede in Afrikaans sien, is nou maar wors, 'n feit soos 'n koei, onomwonde en onkeerbaar. Maar anders as wat 'n deel van die Afrikaanse gemeenskap wil glo, het dit niks te make met die Rooi, Swart of Roomse Gevaar nie, ook nie met die verderflikheid van die jeug nie, ook nie die vrysinniges en liberalistiese akademici nie, nie met die Taalkommissie nie. Dié toedrag van sake is 'n natuurlike ontwikkeling wat nie intrinsiek aan taal is nie, maar wat te make het met tegnologiese ontwikkeling.

EN NOU MEER ALGEMEEN OOR STANDAARDTAAL ...

Eendag, lank, lank gelede, na 'n oorwig van waarskynlikheid, was daar 'n oertaal in die omgewing van die Swartsee in Europa, sogenaamde Proto-Indo-Europees. Ons vermoed dat die sprekers van dié taal as gevolg van omgewingsfaktore in alle windrigtings begin trek het. Metterjare het die oertaal sodanig verander dat ons kan sê nuwe tale het ontstaan. So byvoorbeeld het kontak tussen van hierdie Indo-Europeërs was weswaarts getrek het en die Fenisiërs (heeltemal onverwant aan die Indo-Europeërs) waarskynlik gelei tot die unieke karakteristieke van Oergermaans, een van Afrikaans, Engels, Duits en Sweeds se oer-oer-oer-oer-grootjies. En hoe het dit gebeur dat daar kontak was tussen die Indo-Europeërs en die Fenisiërs? Tegnologie! Want die Fenisiërs was die eerste Middellandse Seevaarders wat die wêreld aan die anderkant van die Iberiese Skiereiland verken het. Per boot en toegerus met hulle unieke alfabet, het hulle uiteindelik in kontak met Indo-Europeërs in die omgewing van Hamburg se wêreld gekom. En, so gis ons, het daardie deel van Proto-Indo-Europees gaandeweg in (Oer)germaans verander.

Ten spyte van die omvang van die Germaanse landskap, het 'n ander taal op 'n stadium die dominante taal van daardie deel van die wêreld geword, gewoon vanweë militêre, politieke en intellektuele mag. Dit is Latyn wat eens op 'n tyd dieselfde wêreldtaalstatus gehad het as wat Engels byna vandag het (meer hieroor flussies). Is dit betreurenswaardig dat Latyn die status had? 'n Mens kan seker hierdie kant toe en daardie kant toe oor die imperialisme van die Romeine, maar ek het nog nooit ooit iewers iets gelees dat iemand negatief is oor die rol wat Latyn toentertyd in die beskrywing van nuwe tegnologieë, nuwe wetenskappe, nuwe filosofieë, nuwe ontdekkings en uitvindings gespeel het nie. Nee, die fokus is juis altyd op die positiewe rol wat Latyn in die ontwikkeling en vooruitgang van die mensdom gespeel het.

Maar dit is ook onder andere tegnologie wat uiteindelik tot die ondergang van Latyn sou lei.

Die opkoms van Europese standaardtale (oftewel gekodifiseerde, geskrewe vorme van ander tale as Grieks en Latyn) is maar 'n redelik onlangse fenomeen. Dit was die laat-Middeleeuse Dante Alighieri met sy *De vulgari eloquentia* wat aan die begin van die veertiende eeu vaardigheid in volkstaal, in die vernakulêr bepleit het. Hy volg dit op met sy meesterwerk *Divina commedia* wat hy in 'n taal skryf wat hy "Italiaans" genoem het – 'n vernakulêr bestaande hoofsaaklik uit die Toskaanse dialek, gesout met ander omliggende dialekte en – onafwendbaar – 'n stywe skeut Latyn. Só word Italiaans dan een van die eerste nie-Latynse volkstale wat gebruik word om letterkunde in te pleeg.

Die ontwikkeling van belangrike tegnologieë soos 'n alfabet (natuurlik lank voor die Renaissance) en die drukpers, asook die opkoms van humanisme is van die belangrikste faktore wat bygedra het tot die kodifisering van verskeie volkstale. Want vir die eerste keer kan ons praat van massakommunikasiemedie: 'n boodskap wat by die mense uitkom in hulle taal.

Soortgelyk aan die drukpers het die telefoon ook 'n ingrypende impak gehad op mensekommunikasie; daaropvolgend film, radio en TV; toe persoonlike rekenaars en selfone; toe die wêreldwye web en internet; en les bes, nou sosiale media. Elkeen van hierdie mediums se ingrypende en rewolusionêre impak op tale en taalgebruik kan nie weggewens of ignoreer word nie. As gevolg van dié tegnologieë het sommige tale ontluik (of is hulle deur ontdekkingsreisigers en missionarisse ontdek), terwyl ander weer uitgesterf het omdat hulle sprekers nie by die veranderende omgewing aangepas het nie. Om dit nou maar kort deur die bog te stel: oorlewing van die geskikste, natuurlike seleksie en al daai ... Alea iacta est.

Ek is bereid om 'n geldjie te wed dat ons oor 'n duisend jaar gaan terugkyk en die internet verantwoordelik gaan hou vir 'n oplewing van Engels in die een-en-

twintigste eeu. Engels se status het oor die afgelope twintig jaar drasties en aansienlik verander. Waar dit dalk soos Frans, Spaans of Portugees maar net nog 'n kolonialiseerderstaal sou kon gebly het, het die ontploffing van veral die sogenaamde Web 2.0 (d.i. die web waar iedereen 'n stem en teenwoordigheid op die internet het) daarvoor gesorg dat Engels 'n baie, baie groot en algemeen gebruikte wêreldtaal geword het.

Sooswat die humanisme endrukpers in die Renaissance bygedra het tot die ontstaan van standaardtale, so sou ons kon voorspel dat globalisme en tegnologieë van die sogenaamde vierde industriële rewolusie sal bydra tot die ondergang van standaardtale. Ons staan in die vooraandskemer van 'n opwindende, wêreldwye tegnokratie waar die mens se onvermoë en onkunde verbeter en aangevul kan word deur kunsmatige intelligensie, robotika (insluitend outonome motors), verskeie (bio)nanotegnologieë, kwantumtegnologieë en die alomteenwoordige internet (die "Internet of Things").

Sonder om in 'n kristalbal te kyk, sal ek voorspel dat die talige landskap soos ons dit tans ken in die een-en-twintigste eeu dramaties sal verander – soortgelyk as die verandering in die Renaissance. Wat is die nut van geskrewe taal as jy rekenaars het wat spraak verstaan? (Onthou, skryf op sig self is ook maar net 'n tegnologie wat ontwikkel is; menige taalkundige sien geskrewe taal nie werklik as "taal" nie.) Google Translate het in die afgelope jaar só verbeter dat ek hom eintlik deesdae vertrou bo my eie vermoë om Brits te pleeg. Ek maak al my inkopielyste en beheer my hele huis deur middel van Amazon se Alexa – in my geradbraakte Engels, sonder dat sy 'n duit omgee of my *is'e* en *are'e* met die res van die sin kongrueer.

Die behoefte aan geskrewe standaardtale is dus ras besig om te taan. Soos die doel met vernakulêre in die Renaissance verskuif het, so verskuif die doel nou weer. Terwyl Engels ingespan word om 'n klomp van die sloofwerk te doen (soos om wetenskap en tegnologie te bedryf en beskryf), so kan ons vernakulêre die kans kry om nuwe voorposte op te rig. Ek vermoed een van daardie voorposte is vermaak, dat mense toenemend gaan soek na vermaak in hulle eie vernakulêr. Kyk maar die ontploffing in Afrikaanse films, musiek en leesstof. Maar belangriker: Waar gaan ons volks- en kombuistale stanning vind in die nuwe media en tegnologie wat ons dalk nog nie eers ken nie? Ons moet weer verkenner en verspieders word; ontdekkers en stigters van die nuwe voorposte in ons veranderde toekoms-wêreld.

Samevattend, tale kom al oor die eeue heen in kontak met mekaar en verander mekaar.

Om 'n waardeoordeel oor dié tipe veranderings uit te spreek, hoort nie binne my verwysingsraamwerk nie. (Ek het ook weinig beoordeelends te sê oor

Eyjafjallajökull wat weer vuur gespoeg het, of die ontdekking van plutonium. Op sy Engels: *It is what it is!* Ek kan nie sien hoe dit enigsins interessant is om te besluit of dit “goed” of “sleg”, “reg” of “verkeerd” is dat omgewingsfaktore ’n invloed had op die verspreiding van Proto-Indo-Europees; die uitvinding van bote en seereise op Oergermaans; die uitvinding van die drukpers op Latyn; of die opkoms van die internet op Engels nie. Wat wel interessant is, is hoe en hoekom dit gebeur het, wat die impak daarvan was, wat dit oor die toekoms sê, en so meer.

L’ENVOI ...

Taal bestaan nie in isolasie van die mens en sy omgewing nie, maar is by uitstek dié instrument wat innovasies en vooruitgang dra. Mense dink in taal, kommunikeer hulle idees in taal, skryf patente in taal. Selfs die programmeerder en wiskundige, die beeldende kunstenaar en Olimpiese atleet gebruik taal om nuwe grense te verken en bekend te stel.

In ’n geglobaliseerde wêreldstaat het Engels ontwikkel as die spiltal waarom die wiel van innovasie draai. Ander speektale sluit dalk ’n paar Oosterse tale (Chinees, Japannees, miskien Koreaans) in, moontlik Russies en Duits, en dalk Frans en Spaans. Maar selfs dié tale kan hulle nie losmaak van die Engelse spilpunt nie.

Kan wêreldveranderende innovasie nog plaasvind in Elfdals en Esperanto, in Abchasië en Zoeloe? Natuurlik! Gaan dié innoveerders hulle uitvindings in Engels patenteer en bemark? Natuurlik! Gaan dié tale deur Engels en Engelse terminologie beïnvloed word? Natuurlik! Moet ons in sak en as daaroor sit? Natuurlik nie!

Ek lê nie snags identiteitsloos wakker oor iemand weer vandag gesê het hulle “maak” beloftes in plaas van “doen” beloftes nie. Ek lê wél wakker oor die opwindende moontlikhede van die vierde industriële rewolusie en op watter ongekarteerde paaie dit die mensdom gaan neem. As taalkundige (en Taalkommissielid en lid van die SA Akademie) soek ek onder andere na die Engelse in Afrikaans, net soos ’n ander kollega soek na die Afrikaans in Engels. Saam-saam werk ons daaraan om iets van (taal)verandering te probeer begryp en modelleer, sodat ons déél kan wees van voorposdenke en -idees oor wat die 22e en 23e eeu sou kon inhou – as die Blou Planeet dan nog sou bestaan.

– mens moet jou vergewis:
’n beitel moet kan klip breek
as hy ’n beitel is –

– NP van Wyk Louw



TAALKOMMISSIE

Voor (v.l.n.r.): Dr. Frikkie Lombard, me. Suléne Pilon, mnr. Fred Pheiffer, prof. Marné Pienaar, mnr. Chris Banda.

Agter (v.l.n.r.): Dr. Gerda Engelbrecht, me. Sophia Kapp, prof. Gerhard van Huyssteen, me. Jana Luther, me. Leona Compion.